

28 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 28:1-16

Die triomftog van die Woord

Handeling 28 vertel van die triomftog van die Woord op mars na die uithoeke van die wêreld. Op die eiland Malta, ná die skipbreuk waarin almal oorleef het, lyk dit nie asof Paulus in aanhouding is nie. Hy kan vrylik rondbeweeg en wonderwerke doen. Dit is Lukas se boodskap: die evangelie gaan vrylik en ongehinderd sy gang. Nie Rome nie, maar die Woord van God staan in die sentrum. Dit beklemtoon God se seënige wat soos 'n standhoudende stroom deur sy kneg Paulus vloei. Moontlik het taalprobleme meegebring dat Paulus nie die evangelie verkondig het nie, want daar word nêrens van woordverkondiging op Malta vertel nie. Die evangelie as daadverkondiging vind wel plaas. Paulus het siekes gesond gemaak. Mense deel in die konkrete genesing en heil wat die koninkryk van God bied en dan reageer hulle óók met die daad. Hulpvaardig voorsien hulle Paulus en sy geselskap met geskenke en die nodige middele vir die reis na Rome.

Sien jy hoe omvattend die evangelie van Christus is? Selfs op die nie-woordelike vlak raak dit mense aan en verander hulle. Ons kan God met sy Woord vertrou. Paulus is klein en 'n gevangene in boeie, maar God is groot. Sy evangelie het reeds voor Paulus se koms in Rome geseëvier. Gelukkig is die mens wat, terwyl hy/sy in God se koninkryk werk, nie eie roem soek nie, maar alleen God se eer!

Sing: Skrifberyming 24:7

Prof F Denkema (Potchefstroom)